**Ek kom gou! Elkeen wat dors het, moet kom!**

**Openbaring 22:6-21**

**14 Maart 2021**

1. Oorkoepelende boodskap: Ek kom gou (vers 7, 12, 20)
    a. Jesus sê self 3 keer: Ek kom gou (v 7, 12, 20)
    b. Opening van Openbaring: Op 1:7
    c. Inhoud van die boek: 7 onderafdelings wat telkens afsluit met finale oordeel
    d. "Gou":
        i. Is meer as 2000 jaar "gou"? Verwys dit dalk eerder na die val van Jerusalem?
        ii. God se plan is naby aan voltooiing – oorgrote meerderheid van stappe reeds afgehandel, nog net die kerk wat voltallig moet word – dan kom Jesus
        iii. Jesus kom onverwags (Op 16:15, Mat 24:36-44)
        iv. Alhoewel daar veelvuldige "komste van Jesus" voor finale koms is – bv Op 2:5, val van Jerusalem, wêreldoorloë, covid19 – handel hierdie slotgedeelte oor die finale koms van Jesus.
        v. Word bevestig deur: Jesus is Eerste/Laaste (v 13), Afstammeling van Dawid (v 16), Morester (v 16)
2. Hoekom soveel klem op: Ek kom gou?
    a. Na eerste "Ek kom gou" (v 7):
        i. Kerk moet die boek ter harte neem (v 7), dit nie geheim hou nie (v 10) – laasweek bespreek
    b. Na tweede "Ek kom gou" (v 12):
        i. Jesus bring loon saam (v 12)
            - Boom van lewe en toegang tot stad – vir die met klere wat gewas is (v 14), of
            - Buitekant die stad – vir die wat valsheid doen (v 15, Op 21:8)
        ii. Twee groepe mense: vuiles wat kwaad doen, heiliges wat reg doen (v 11)
            - Vuiles: Farao, Mat 13:10-17
            - Heiliges: die wat hoor wat die Gees sê
        iii. Gees en die bruid sê: Kom! (v 17)
            - Oproep tot mense om te kom
            - Wanneer iemand geroep word, moet hy/sy kom
            - Wanneer so iemand gekom het, moet hy/sy weer roep: Kom!
            - …. en dan kom Jesus
    c. Na derde "Ek kom gou" (v 20):
        i. Johannes roep nou: Amen! Kom, Here Jesus!
        ii. Medewerker in die uitwerk van God se plan – vgl met Onse Vader
3. Afsluiting:
    a. Neem jy Openbaring ter harte?
    b. Is jy oortuig dat die koms van Jesus op hande is, en dus ook die koms van die loon?
    c. Is jy seker jy is gereed vir Jesus se koms? Wat maak jou so seker?
    d. Roep jy doelgerig: "Kom!"? Roep jou gemeente doelgerig: "Kom!"?